


BUITENGEWONE
OFFISIELLE KOERANT
VAN SUIDWES-AFRIKA.



OFFICIAL GAZETTE
EXTRAORDINARY
OF SOUTH WEST AFRICA.

UITGawe OP GESAG.

PUBLISHED BY AUTHORITY.

10c Vrydag, 22 Oktober 1965 /

WINDHOEK

Friday, 22nd October, 1965

No. 2670

I N H O U D

GOEWERMENSKENNISGEWINGS:

- | | |
|---------|--|
| No. 182 | Regulasies op die Voorkoming en Bestryding van Alkoholisme en Anti-Sosiale Gedrag 1965 |
| No. 183 | Regulasies Ingevolge die Ordonnansie op Welsynsorganisasies 1965 |
| No. 184 | Regulasies Ingevolge die Duitse Oudstryderspensionordonnansie 1965 |
| No. 185 | Regulasies Ingevolge die Ordonnansie op Maatskaplike Pensioene 1965 |

C O N T E N T S

Bladsy/Page

GOVERNMENT NOTICES:

Regulations for the Prevention and Combating of Alcoholism and Anti-Social Conduct, 1965	1145
Regulations under the Welfare Organisations Ordinance, 1965	1153
Regulations under the German War Veterans' Pensions Ordinance, 1965	1158
Regulations under the Social Pensions Ordinance, 1965	1163

Goewermentskennisgewings.

Government Notices.

Die volgende Goewermentskennisgewings word vir algemene inligting gepubliseer.

The following Government Notices are published for general information.

J. J. KLOPPER,
Waarnemende Sekretaris van Suidwes-Afrika.

J. J. KLOPPER,
Acting Secretary for South West Africa.

Kantoor van die Administrateur,
Windhoek.

Administrator's Office,
Windhoek.

No. 182.]

[22 Oktober 1965

No. 182.]

[22nd October, 1965

REGULASIES INGEVOLGE DIE ORDONNANSIE OP DIE VOORKOMING EN BESTRYDING VAN ALKOHOLISME EN ANTI-SOSIALE GEDRAG 1965.

REGULATIONS UNDER THE ORDINANCE FOR THE PREVENTION AND COMBATING OF ALCOHOLISM AND ANTI-SOCIAL CONDUCT, 1965.

Dit behaag die Administrateur om kragtens en ingevolge die bevoegdheid hom verleen by artikel *vyf-en-twintig* van die Ordonnansie op die Voorkoming en Bestryding van Alkoholisme en Anti-sosiale Gedrag 1965, die volgende regulasies af te kondig met ingang van die eerste dag van September 1965.

The Administrator has been pleased under and by virtue of the powers vested in him by section *twenty-five* of the Ordinance for the Prevention and Combating of Alcoholism and Anti-social Conduct, 1965, to publish the following regulations with effect from the first day of September, 1965.

REGULASIES INGEVOLGE DIE ORDONNANSIE OP DIE VOORKOMING EN BESTRYDING VAN ALKOHOLISME EN ANTI-SOSIALE GEDRAG, 1965.

REGULATIONS UNDER THE ORDINANCE FOR THE PREVENTION AND COMBATING OF ALCOHOLISM AND ANTI-SOCIAL CONDUCT, 1965.

WOORDBEPALING.

DEFINITIONS.

1. In hierdie regulasies —

- (a) tensy uit die samehang ander blyk, het die uitdrukking waaraan die ordonnansie by artikel *een* 'n betekenis heg, daardie betekenis en beteken:
 - (i) „Administrateur”, die Administrateur van Suidwes-Afrika;
 - (ii) „artikel”, 'n artikel van die ordonnansie;
 - (iii) „die ordonnansie” die Ordonnansie op die Voorkoming en Bestryding van Alkoholisme en Anti-sosiale gedrag 1965;

1. In these regulations —

- (a) unless the context indicates otherwise, any expression to which a meaning has been assigned by section *one* of the ordinance, shall bear that meaning, and
 - (i) “Administrator” means the Administrator of South West Africa;
 - (ii) “section” means a section of the ordinance;
 - (iii) “the ordinance” means the Ordinance for the Prevention and Combating of Alcoholism and Anti-social Conduct, 1965;

- (iv) „gewaarmerkte afskrif”, wanneer dit in verband met die notule van die verrigtings in 'n hof gebruik word, of in verband met 'n dokument wat deel van die notule uitmaak, of 'n dokument of notule wat ingevolge en vir die toepassing van die ordonnansie of van hierdie regulasies deur 'n beampete van 'n staatsdepartement gehou word, 'n afskrif wat as 'n ware en juiste afskrif van die notule of dokument gesertifiseer is deur 'n landdros wat in die hof voorgesit het of deur die klerk van die hof of deur die beampete wat die notule of dokument in amptelike bewaring het, na gelang van die geval;
- (v) „hoofvolkswelsynbeampete” die beampete wat aan die hoof staan van die Afdeling Volkswelsyn van die Administrasie van Suidwes-Afrika;
- (vi) „Sekretaris” die Sekretaris van Suidwes-Afrika;
- (b) is 'n verwysing na 'n vorm wat 'n bepaalde nommer dra, 'n verwysing na die vorm met dié nommer daarop wat in die bylae van hierdie regulasies verskyn of 'n vorm wat wesenlik daarmee ooreenstem.

HOOFSTUK I.

SERTIFISERING EN BESTUUR VAN GESERTIFISEERDE TOEVLUGTE.

2. (1) 'n Aansoek deur die bestuur van 'n inrigting om sertifisering daarvan as 'n toevlug kragtens artikel *drie* word in 'n vorm deur die Sekretaris goedgekeur by die hoofvolkswelsynbeampete ingedien.

(2) Die aansoek moet vergesel wees van die konstitusie van die inrigting.

3. Na ontvangs van die aansoek inspekteer die hoofvolkswelsynbeampete die inrigting en stuur die aansoek te same met sy verslag en aanbeveling deur aan die Sekretaris wat dit aan die Administrateur voorlê, en die Administrateur kan onderhewig aan die voorwaardes wat hy nodig ag, aan die bestuur 'n sertifikaat in die vorm van vorm 1 verleen.

4. Die Administrateur kan 'n beampete van die Administrasie aanwys om vergaderings van die bestuur van 'n gesertifiseerde toevlug in 'n raadgewende hoedanigheid by te woon.

5. Die voorwaardes en ander bepalings van 'n sertifikaat wat deur die Administrateur aan 'n toevlug verleen word, kan van tyd tot tyd deur die Administrateur met toestemming van die bestuur gewysig word: Met dien verstande dat niks in hierdie regulasies vertolk word as 'n inkorting van die bevoegdhede wat kragtens sub-artikel (2) van artikel *drie* aan die Administrateur verleen word om 'n sertifikaat in te trek of van die reg van die bestuur om dit terug te gee nie.

6. Die bestuur laat 'n register hou van alle inwoners wat in die gesertifiseerde toevlug ontvang word, waarin die datum van opname van elke inwoner, sy volledige naam, ras en geslag, die datum van sy geboorte, die plek van sy gewone tuiste onmiddellik voor sy ontvangs, die name en adresse van sy naaste familiebetrekkinge, die datums van versstryking van sy termyn van aanhouding en verdere toesig, die bevel of magtiging tot sy ontvangs ingevolge die ordonnansie verleen en 'n aantekening van sy vrylating met vergunning, ontslag, oorplasing of heropname opgeteken word.

7. Die bestuur laat verder ten opsigte van elke inwoner wat in die toevlug opgeneem word 'n persoonlike lêer hou, wat die volgende bevat:

- (a) alle stukke wat ten tyde van sy opname in verband met die inwoner ontvang is;
- (b) 'n verslag oor sy tuiste en omgewing deur die bestuur ontvang;
- (c) 'n verslag van 'n liggaamlike, psigiatrise of psigologiese ondersoek van die inwoner en die verslag van die een of ander toegediende behandeling;
- (d) die maatskaplike verslag van 'n inwoner terwyl hy in die toevlug is, met inbegrip van besonderhede aangaande oortredings van die tug en toegediende strawwe;

(iv) "certified copy" when used in relation to the records of any proceedings in a court or any document forming part of such records, or any document or record retained in terms of and for the purposes of the ordinance or these regulations by any officer of a department of state, means a copy certified to be a true and correct copy of such record or document by a magistrate presiding in, or the clerk of, such court or by the officer having official custody of such record or document, as the case may be;

(v) "chief social welfare officer" means the officer who is in charge of the Social Welfare Branch of the Administration of South West Africa;

(vi) "Secretary" means the Secretary for South West Africa;

(b) any reference to any form bearing a stated number, is a reference to the form bearing that number appearing in the schedule to these regulations, or a form substantially corresponding to that form.

CHAPTER I.

CERTIFICATION AND MANAGEMENT OF CERTIFIED RETREATS.

2. (1) An application by the management of an institution for the certification thereof as a retreat under section *three* shall be lodged with the chief social welfare officer in a form approved by the Secretary.

(2) The application shall be accompanied by the constitution of the institution.

3. On receipt of the application the chief social welfare officer shall inspect the institution and transmit the application together with his report and recommendation to the Secretary who shall submit it to the Administrator, and the Administrator may grant the management a certificate in the form of form 1 subject to the conditions he deems necessary.

4. The Administrator may designate an officer of the Administration to attend meetings of the management of a certified retreat in an advisory capacity.

5. The conditions and other provisions of a certificate granted by the Administrator to a retreat may from time to time be varied by the Administrator with the consent of the management: Provided that nothing in these regulations shall be interpreted as a limitation of the powers granted to the Administrator under sub-section (2) of section *three* to withdraw any certificate or the management's right to surrender it.

6. The management shall cause a register to be kept of all inmates admitted to the certified retreat, in which the date of admission of every inmate, his full name, race and sex, the date of his birth, his usual place of residence immediately before his admission, the names and addresses of his next of kin, the dates of expiry of his term of detention and further supervision, the order or authorisation for his admission granted under the ordinance and a record of his release on licence, discharge, transfer or re-admission shall be entered.

7. The management shall further, in respect of every inmate admitted to the retreat cause a personal file to be kept which shall contain the following:

- (a) all documents in connection with the inmate received at the time of his admission;
- (b) a report on his home and environment received by the management;
- (c) A report on a physical, psychiatric or psychological examination of the inmate and the report of any treatment given;
- (d) the social report on an inmate while in the retreat including particulars of breaches of discipline and of any punishments inflicted;

(e) ander inligting deur die bestuur ontvang wat by die bestudering en behandeling van die inwoner ter sake is.

8. As 'n inwoner ooreenkomsig die bepalings van sub- artikel (1) van artikel *dertien* na 'n toevlug of rehabilitasiesentrum oorgeplaas word, word die persoonlike leer wat ingevalle regulasie 7 ten opsigte van die inwoner gehou word, aan daardie toevlug of rehabilitasiesentrum, na gelang van die geval, oorgedra.

9. Die bestuur laat behoorlike rekeningboeke hou wat noukeurig aandui —

- (a) alle geldsomme wat ontvang is en die waarde van ontvangste in *natura* en die datum en bron van ontvangs;
- (b) alle uitbetalings, met die datum van betaling, naam van die ontvanger en die aard van teenprestasie wat vir uitbetaling ontvang is;
- (c) die waarde van die bates van die toevlug, behoorlik geklassifieer, bv. grond, geboue, meubels, uitrusting, inbare skulde;
- (d) die bedrag van laste, met aanduiding van die bedrag verskuldig aan elke krediteur en sy naam en die rede vir die skuld;
- (e) enige ander besonderhede wat die Sekretaris bepaal.

10. Die bestuur van 'n gesertifiseerde toevlug stel met die goedkeuring van die Sekretaris huishoudelike reëls op met betrekking, onder meer, tot —

- (a) die beoefening deur inwoners van hul geloof;
- (b) die reg van toegang van inwoners tot die bestuur en andersom;
- (c) die toegang van besoekers tot inwoners;
- (d) die inbring in die inrigting van sterk drank, verdowingsmiddels of enige ander artikel;
- (e) die werk wat inwoners moet verrig en hulle werkure;
- (f) die klassifikasie van inwoners;
- (g) die versorging, behandeling en opleiding van inwoners;
- (h) die handhawing en tug en orde in die inrigting;
- (i) die funksies en pligte van die personeel van die inrigting.

11. Die bestuur voorsien die Sekretaris op vorms deur hom goedgekeur van statistiese opgawes vir enige tydperk wat die Sekretaris bepaal omtrent inwoners wat in die gesertifiseerde toevlug vertoeft, dit binnekomb of verlaat, met besonderhede ten opsigte van leeftyd, geslag en ras, wyse van en rede vir vertrek, bestemming en ander besonderhede wat die Sekretaris redelikerwys vereis en opgawes omtrent uitrusting en personeelhuisvesting.

12. Die bestuur voorsien die Sekretaris jaarliks binne drie maande na afloop van sy boekjaar van 'n verslag van sy werksaamhede, asook geouditeerde rekeningstate vir die jaar, met inbegrip van 'n balansstaat en 'n inkomste-en uitgawestaat, saamgestel op die wyse wat die Sekretaris bepaal.

HOOFSTUK II.

GOEDKEURING VAN TEHUISE.

13. (1) 'n Aansoek deur die bestuur van 'n tehuis om goedkeuring daarvan kragtens artikel *vyf* word in 'n vorm deur die Sekretaris goedgekeur by die hoofvolkswelsynbeampte ingedien.

(2) Die aansoek moet vergesel wees van die konstitusie van die tehuis.

14. Na ontvangs van die aansoek inspekteer die hoofvolkswelsynbeampte die tehuis en stuur die aansoek te same met sy verslag en aanbeveling deur aan die Sekretaris wat dit aan die Administrateur voorlê en die Administrateur kan, onderhewig aan die voorwaardes wat hy wenslik ag, 'n sertifikaat in die vorm van vorm 2 verleen.

15. Die Administrateur kan 'n beampete van die Administrasie aanwys om vergaderings van die bestuur van 'n goedgekeurde tehuis in 'n raadgewende hoedanigheid by te woon.

(e) other information received by the management relevant to the study and treatment of the inmate.

8. If an inmate is transferred to a retreat or rehabilitation centre in terms of sub-section (1) of section *thirteen*, the personal file kept under regulation 7 in respect of the inmate shall be transferred to that retreat or rehabilitation centre, as the case may be.

9. The management shall cause proper books of account to be kept which shall indicate accurately —

- (a) all amounts of money received and the value of each receipt in kind and the date and source thereof;
- (b) all disbursements with the date of payment, name of receiver and the nature of the consideration received for each disbursement;
- (c) the value of the assets of the retreat, duly classified, e.g. land, buildings, furniture, equipment, recoverable debts;
- (d) the amount of liabilities indicating the amount owing to every creditor and his name and the cause of the debt;
- (e) any other particulars which the Secretary may determine.

10. The management of a certified retreat shall, with the approval of the Secretary, frame domestic rules with reference *inter alia* to —

- (a) the practising by inmates of their religion;
- (b) the right of access of inmates to the management and *vice versa*;
- (c) visitors' access to inmates;
- (d) bringing of intoxicating liquor, drugs or any other article into the institution;
- (e) the work to be performed by inmates and the hours of work;
- (f) the classification of inmates;
- (g) the care, treatment and training of inmates;
- (h) the maintenance of discipline and order in the institution;
- (i) the functions and duties of the staff of the institution.

11. The management shall furnish to the Secretary on forms approved by him, statistical returns for any period which the Secretary may determine of inmates living in, entering and leaving the certified retreat, with particulars in respect of age, sex and race, manner and cause of departure, destination and such other particulars as the Secretary may reasonably require, and returns of equipment and staff accommodation.

12. The management shall furnish annually to the Secretary within three months of the close of its financial year a report on its activities, as well as audited statements of account for the year, including a balance sheet and a statement of revenue and expenditure framed in such manner as the Secretary may determine.

CHAPTER II.

APPROVAL OF HOSTELS.

13. (1) An application by the management of a hostel for approval thereof in terms of section *five* shall be lodged with the chief social welfare officer in a form approved by the Secretary.

(2) The application shall be accompanied by the constitution of the hostel.

14. On receipt of the application the chief social welfare officer shall inspect the hostel and transmit the application together with his report and recommendation to the Secretary who shall submit it to the Administrator, and the Administrator may, subject to such conditions as he may deem desirable, grant a certificate in the form of form 2.

15. The Administrator may designate an officer of the Administration to attend meetings of the management of an approved hostel in an advisory capacity.

16. Die voorwaardes en ander bepalings van 'n sertifikaat wat deur die Administrateur aan 'n goedgekeurde tehuis verleen word, kan van tyd tot tyd deur die Administrateur gewysig word.

17. Die bestuur voorsien die Sekretaris jaarliks binne drie maande na afloop van sy boekjaar van 'n verslag van sy werkzaamhede, asook geouditeerde rekeningstate vir die jaar met inbegrip van 'n balansstaat en 'n inkomste- en uitgawestaat saamgestel op die wyse wat die Sekretaris bepaal.

18. Die bestuur voorsien die Sekretaris op vorms deur hom goedgekeur, van statistiese opgawes vir 'n jaar of enige tydperk wat die Sekretaris bepaal omtrent inwoners wat in die goedgekeurde tehuis vernoef, dit binnekombin dit verlaat met besonderhede ten opsigte van leeftyd, geslag en ras, wyse en rede van vertrek, bestemming en ander besonderhede wat die Sekretaris redelikerwys vereis.

19. Die bestuur van 'n goedgekeurde tehuis stel met die goedkeuring van die Sekretaris huishoudelike reëls op.

HOOFSTUK III.

GELDELIKE HULP AAN VERENIGINGS.

20. 'n Aansoek om 'n toekenning kragtens sub-artikel (1) van artikel *six* word in 'n vorm deur die Sekretaris goedgekeur by die hoofvolkswelsynbeampte ingedien wat dit na 'n onderzoek tesame met sy verslag en aanbeveling deurstuur na die Sekretaris vir voorlegging aan die Administrateur.

21. 'n Toekenning aan 'n vereniging van persone bedoel in sub-artikel (1) van artikel *six* word gedoen behoudens die voorwaardes wat die Administrateur bepaal.

22. Die vereniging voorsien die Sekretaris jaarliks binne drie maande na afloop van sy boekjaar van geouditeerde rekeningstate vir die jaar met inbegrip van 'n balansstaat, en 'n inkomste- en uitgawestaat saamgestel op die wyse wat die Sekretaris bepaal.

23. 'n Verslag oor die werkzaamhede van 'n vereniging moet een maal elke jaar op 'n datum soos deur die Sekretaris bepaal aan hom voorgelê word.

HOOFSTUK IV.

VERWYSING VAN PERSONE NA EN HUL OPNAME IN GESERTIFISEERDE TOEVLUGTE, TOEVLUGTE EN REHABILITASIESENTRUMS.

24. As 'n landdros na afloop en as gevolg van 'n onderzoek ooreenkomsdig artikel *agt* oortuig is dat 'n persoon na 'n gesertifiseerde toevlug gestuur behoort te word, gee hy 'n bevelskrif in die vorm van vorm 3 vir die opname van die persoon in 'n gesertifiseerde toevlug wat hy aanwys en tref reëlings vir die verwydering van die persoon na die betrokke inrigting: Met dien verstande dat voordat 'n landdros 'n bevelskrif gee vir die opname van 'n persoon in 'n gesertifiseerde toevlug hy hom daarvan moet vergewis dat daar 'n vakature in die betrokke inrigting is.

25. (1) As 'n landdros na afloop van en as gevolg van 'n onderzoek ooreenkomsdig artikel *agt* oortuig is dat 'n persoon na 'n toevlug of rehabilitasiesentrum gestuur behoort te word, stuur hy aan die Sekretaris 'n gewaarmerkte afskrif van die notule van die verrigtings by die onderzoek, tesame met enige ander tersaaklike stukke.

(2) Nadat die Sekretaris hom vergewis het dat daar 'n vakature in 'n geskikte toevlug of rehabilitasiesentrum bestaan en dat daar voldoen is aan die bepalinge van die ooreenkomsde bedoel in sub-artikel (1) van artikel *drie-en-twintig* magtig hy ingevolge sub-artikel (2) van genoemde artikel die verwydering van betrokke persoon na betrokke toevlug of rehabilitasiesentrum en moet hy onverwyd die magtiging in die vorm van vorm 4 aan betrokke landdros stuur.

(3) Die landdros moet wanneer hy die magtiging van die Sekretaris ontvang het, 'n bevelskrif in die vorm van vorm 3 gee vir die opname van die betrokke persoon in die toevlug of rehabilitasiesentrum wat in genoemde magtiging vermeld word en reëlings tref vir die verwydering

16. The conditions and other provisions of a certificate granted by the Administrator to an approved hostel may from time to time be varied by the Administrator.

17. The management shall furnish annually to the Secretary within three months of the close of its financial year a report on its activities as well as audited statements of account for the year including a balance sheet and a statement of revenue and expenditure framed in such manner as the Secretary may determine.

18. The management shall furnish to the Secretary on forms approved by him statistical returns for a year or any period which the Secretary may determine of inmates living in, entering and leaving, the hostel with particulars in respect of age, sex and race, manner and cause of departure, destination and such other particulars as the Secretary may reasonably require.

19. The management of an approved hostel shall, with the approval of the Secretary, frame domestic rules.

CHAPTER III.

FINANCIAL AID TO ASSOCIATIONS.

20. An application for a grant under sub-section (1) of section *six* shall, in a form approved by the Secretary, be lodged with the chief social welfare officer, who shall after an investigation, transmit it together with his report and recommendation to the Secretary for submission to the Administrator.

21. Any grant to an association of persons referred to in sub-section (1) of section *six* shall be made subject to such conditions as the Administrator may determine.

22. The association shall furnish annually to the Secretary within three months of the close of its financial year audited statements of account for the year, including a balance sheet and a statement of revenue and expenditure framed in such manner as the Secretary may determine.

23. A report on the activities of the association shall be submitted to the Secretary once every year on a date determined by him.

CHAPTER IV.

COMMittal AND ADMISSION OF PERSONS TO CERTIFIED RETREATS, RETREATS AND REHABILITATION CENTRES.

24. If at the conclusion and as a result of an enquiry held under section *eight* a magistrate is satisfied that a person should be sent to a certified retreat, he shall make an order in the form of form 3 for the admission of such person in a certified retreat designated by him and shall make arrangements for the removal of the person to the institution concerned: Provided that before making an order for the admission of a person to a certified retreat the magistrate shall satisfy himself that there is a vacancy in the institution concerned.

25 (1) If at the conclusion and as a result of an enquiry held under section *eight* a magistrate is satisfied that a person should be sent to a retreat or rehabilitation centre, he shall send to the Secretary a certified copy of the records of the proceedings at the enquiry together with any other relevant documents.

(2) After the Secretary has satisfied himself that there is a vacancy in a suitable retreat or rehabilitation centre and that the provisions of the agreement referred to in sub-section (1) of section *twenty-three* have been complied with, he shall in terms of sub-section (2) of the said section authorise the removal of the person concerned to the retreat or rehabilitation centre concerned and he shall forthwith send the authorisation in the form of form 4 to the magistrate concerned.

(3) On receipt of the authorisation from the Secretary the magistrate shall make an order in the form of form 3 for the admission of such person to the retreat or rehabilitation centre mentioned in the said authorisation and make

van die persoon na die betrokke toevlug of rehabilitasiesentrum.

(4) As die Sekretaris om een of ander goeie rede nie in staat is om die verwydering van 'n persoon na 'n toevlug of rehabilitasiesentrum te magtig nie, moet hy dit aan betrokke landdros medeeel en die landdros kan beveel dat so 'n persoon in 'n gesertifiseerde toevlug aangehou word of ooreenkomsdig artikel *nege* optree.

26. (1) Die landdros wat 'n bevel kragtens artikel *agt* gegee het, laat die volgende stukke ten opsigte van die betrokke persoon aan die bestuur van die betrokke gesertifiseerde toevlug of aan die superintendent van die betrokke toevlug of rehabilitasiesentrum, na gelang van die geval, deurstuur —

- (a) 'n gewaarmerkte afskrif van die notule van die verrigtings by die ondersoek, tesame met enige ter-saaklike stukke;
- (b) 'n gewaarmerkte afskrif van die mediese sertifikaat ten opsigte van die persoon, as daar een is (op 'n vorm deur die Sekretaris goedgekeur);
- (c) 'n gewaarmerkte afskrif van die verslag deur die volkswelsynbeampte en enige ander verslae ten opsigte van die persoon wat aan hom voorgelê is;
- (d) 'n afskrif van die bevelskrif wat deur hom gegee is.

(2) Na ontvangs van die stukke in sub-regulasie (1) vermeld, stuur die bestuur van 'n gesertifiseerde toevlug 'n persoonlike verslag oor die betrokke persoon, in 'n vorm deur die Sekretaris goedgekeur, aan die Sekretaris.

HOOFSTUK V.

VERLOF, VERGUNNING EN ONTSLAG VAN INWONERS VAN GESERTIFISEERDE TOEVLUGTE. TOESTAAN VAN VERLOF.

27. (1) Die bestuur van 'n gesertifiseerde toevlug kan aan 'n inwoner, met inbegrip van 'n vrywillige inwoner, afwesigheidsverlof toestaan vir tydperke van hoogstens veertien dae (wat slegs onder buitengewone omstandighede vir hoogstens veertien dae verleng kan word) onderhewig aan die voorwaardes wat die bestuur noodsaklik ag bo en behalwe die voorwaardes hieronder gestel, mits die bestuur oortuig is dat daar spesiale omstandighede bestaan wat dit noodsaklik of ten minste uiters gewens maak dat die afwesigheidsverlof toegestaan word.

(2) Voordat die bestuur afwesigheidsverlof aan 'n inwoner toestaan, moet die bestuur 'n skriftelike verslag van 'n volkswelsynbeampte oor die omstandighede tuis en die algemene leefwyse van die persone in die huis of plek waarin die inwoner gedurende sy afwesigheidsverlof sal vertoeft, verkry, en hom daarvan vergewis dat die plek waarin die inwoner gedurende sy afwesigheidsverlof sal vertoeft, vir die doel geskik is en dat niks nadeligs in die algemene welsyn van die inwoner uit die toestaan van die verlof sal voortvloeи nie.

(3) Die volkswelsynbeampte dien sy verslag deur die hoofvolkswelsynbeampte by die bestuur in en doen daarin spesifieke aanbevelings of afwesigheidsverlof toegestaan behoort te word of nie.

(4) As dit in 'n dringende geval nie in belang van 'n inwoner geag word om 'n skriftelike verslag van 'n volkswelsynbeampte af te wag nie, kan die bestuur die volkswelsynbeampte versoek om 'n mondelinge of telegrafiese verslag in te dien, mits die verslag later deur 'n skriftelike verslag bevestig word, of anders kan die bestuur die dringende verlof toestaan.

(5) Die bestuur hou van alle inwoners aan wie afwesigheidsverlof toegestaan is, afsonderlike aantekeninge en vermeld daarby die besonderhede wat die bestuur nodig ag.

28. (1) Die bestuur kan te eniger tyd as daar goeie redes blyk, uit eie beweging die afwesigheidsverlof wat hy aan 'n inwoner toegestaan het, intrek en die inwoner gelas om sonder versuim na die gesertifiseerde toevlug terug te keer. Die bestuur gee per geregistreerde pos kennis van die intrekking en die bevel tot sy terugkeer aan die inwoner by sy jongste bekende adres, of laat so 'n kennisgewing deur 'n volkswelsynbeampte of polisiebeampte hestel.

arrangements for the removal of such person to the retreat or rehabilitation centre concerned.

(4) If the Secretary is for any good reason unable to authorise the removal of a person to a retreat or rehabilitation centre, he shall inform the magistrate concerned of such fact and the magistrate may order that such person be detained in a certified retreat or may act in terms of section *nine*.

26. (1) The magistrate who has made an order in terms of section *eight* shall cause to be transmitted to the management of the certified retreat concerned, or to the superintendent of the retreat or rehabilitation centre concerned, as the case may be, the following documents in respect of such person:—

- (a) a certified copy of the record of the proceedings at the enquiry, including any other relevant documents;
- (b) a certified copy of the medical certificate of the person, if any (on the form approved by the Secretary);
- (c) a certified copy of the report by the social welfare officer and any other reports on the person, submitted to him;
- (d) a copy of the order made by him.

(2) On receipt of the document referred to in sub-regulation (1) the management of a certified retreat shall submit a personal report on the person concerned to the Secretary in a form approved by the Secretary.

CHAPTER V.

LEAVE, LICENSING AND DISCHARGE OF INMATES OF CERTIFIED RETREATS. GRANTING OF LEAVE.

27. (1) The management of a certified retreat may grant to any inmate, including a voluntary inmate, leave of absence for periods not exceeding fourteen days (which may be extended in special circumstances only by a period not exceeding fourteen days) subject to such conditions as it may deem necessary in addition to the conditions set out below, if the management is satisfied that special circumstances exist which make it imperative or at least highly desirable that such leave of absence be granted.

(2) Before granting leave of absence to any inmate the management shall obtain from a social welfare officer a written report on the home conditions and general way of living of the person in the home or place in which the inmate will stay during his leave of absence and satisfy itself that the home or place in which the inmate is to stay during his absence on leave is suitable for that purpose and that nothing detrimental to the general welfare of the inmate will result from the granting of such leave.

(3) The social welfare officer shall submit his report through the chief social welfare officer to the management and in such report shall make specific recommendations as to whether or not leave of absence should be granted.

(4) Where in a case of urgency it is not deemed to be in the interests of the inmate to await a written report from a social welfare officer, the management may request the social welfare officer to submit an oral or telegraphic report, provided such report is subsequently confirmed by a written report, or may grant such urgent leave.

(5) The management shall keep a separate record of every inmate granted leave of absence and enter therein such particulars as the management may consider necessary.

28. (1) The management may at any time on good cause shown of its own accord revoke the leave of absence granted by it to an inmate and instruct the inmate to return to the certified retreat without delay. The management shall by registered post give notice of the revocation and the instruction to return to the inmate at his last-known address or shall cause such notice to be served by a social welfare officer or a police officer.

(2) 'n Afskrif van dié in sub-regulasie (1) bedoelde kennisgewing moet aan die hoofvolkwelsynbeampte gestuur word.

(3) As 'n inwoner versuim om na verstryking of intrekking van afwesighedsverlof na die betrokke inrigting terug te keer, moet die bestuur die hoofvolkwelsynbeampte daarvan in kennis stel.

VRYLATING MET VERGUNNING.

29. (1) Geen inwoner van 'n gesertifiseerde toevlug mag met vergunning vrygelaat word voor verstryking van minstens twaalf maande nadat die bevel kragtens artikel *agt* gegee is waarvolgens hy na 'n gesertifiseerde toevlug verwys is nie: Met dien verstande dat die bestuur 'n inwoner om spesiale redes en met vooraf goedkeuring van die Administrateur voor verstryking van genoemde termyn met vergunning kan vrylaat.

(2) Voordat die vrylating met vergunning van 'n inwoner oorweeg word, verkry die bestuur 'n skriftelike verslag van 'n volkwelsynbeampte oor die omstandighede tuis en van die algemene leefwyse van die persone in die huis waarin die inwoner tydens sy vrylating met vergunning sal vertoeft. As die inwoner geen tuiste het waarheen hy by vrylating kan gaan nie, moet in die verslag verstaan word of ander gesikte huisvestig vir hom gevind kan word. Die verslag moet ook aandui of daar werk vir die inwoner beskikbaar is, of gevind kan word, en moet besonderhede van die werk vermeld. Ook moet ander inligting, soos die bestuur verlang of wat die volkwelsynbeampte noodsaklik ag, in die verslag vermeld word.

(3) 'n Volkwelsynbeampte dien sy verslag deur die hoof-volkwelsynbeampte by die bestuur in en doen daar-in spesifieke aanbevelings of die inwoner wel, of nie, met vergunning vrygelaat behoort te word en gee redes om die aanbevelings te staaf.

(4) Afgesien van die verslag in sub-regulasie (2) vermeld, moet die bestuur ook die volgende verkry —

(a) 'n skriftelike verslag van die geneesheer belas met die algemene geneeskundige versorging van die inwoners;

(b) 'n mondelinge of skriftelike verslag oor die vordering en gedrag van die betrokke inwoner vir die tydperk waarin hy in die gesertifiseerde toevlug verkeer het, en

(c) as dit nodig geag word, enige ander verslag of verslae van 'n psigiater, besoekende leraar of iemand anders.

(5) Voordat by die Administrateur aanbeveel word dat 'n inwoner met vergunning vrygelaat moet word, oortuig die bestuur hom daarvan dat die vrylating van die inwoner, in die lig van verslae en ander inligting, in die belang van die inwoner en die gemeenskap is.

(6) 'n Vergunning deur 'n bestuur verleen, word in 'n vorm deur die Sekretaris goedgekeur in viervoud uitgevoer. Die bestuur hou een afskrif en stuur een aan die inwoner en twee aan die hoofvolkwelsynbeampte. Die vergunning moet minstens sewe dae voordat die inwoner vrygelaat word aan die hoofvolkwelsynbeampte gestuur word.

(7) Wanneer die bestuur 'n verslag van 'n volkwelsynbeampte ooreenkomsdig sub-regulasie (2) aanvra, moet 'n vorderingsverslag ten opsigte van die inwoner die versoek vergezel.

30. Die hoofvolkwelsynbeampte voorsien die bestuur van die gesertifiseerde toevlug waaruit 'n inwoner met vergunning vrygelaat is, een maand na sodanige vrylating en daarna gedurende die tydperk wat die inwoner onder sy toesig is, minstens een maal elke ses maande van 'n verslag oor die gedrag, vordering en welstand van die inwoner.

31. (1) Die hoofvolkwelsynbeampte kan te eniger tyd as daar goeie redes blyk by die bestuur van 'n gesertifiseerde toevlug aanbeveel dat 'n vergunning aan 'n inwoner ingetrek word.

(2) Die bestuur gee ooreenkomsdig die bepalings van artikel *sestien* in 'n vorm deur die Sekretaris goedgekeur aan 'n inwoner per geregistreerde pos kennis van die intrekking van 'n vergunning en die bevel tot sy terugkeer, of laat so 'n kennisgewing deur 'n volkwelsynbeampte of polisiebeampte aan die inwoner bestel. Een afskrif van

(2) A copy of the notice referred to in sub-regulation (1) shall be sent to the chief social welfare officer.

(3) If any inmate fails, on the expiry or revocation of leave of absence, to return to the institution concerned the management shall notify the chief social welfare officer thereof.

RELEASE ON LICENCE.

29 (1) No inmate of a certified retreat may be released on licence until at least twelve months after the order has been made in terms of section *eight* committing him to a certified retreat: Provided that, for special reasons and subject to the prior approval of the Administrator, the management may release an inmate on licence before the expiry of the said period.

(2) Before considering the release of an inmate on licence, the management shall obtain from a social welfare officer a written report on the home conditions and general way of living of the persons in the home in which the inmate will stay during his release on licence. If the inmate has no home to which he can go on his release, the report shall state whether other suitable accommodation can be found for him. The report shall also state whether employment is available or can be found for the inmate and shall give details of such employment. The report shall give any other information as may be required by the management or deemed necessary by the social welfare officer.

(3) A social welfare officer shall submit his report through the chief social welfare officer to the management and in such report shall make specific recommendations as to whether or not the inmate should be released on licence and shall give reasons in support of such recommendations.

(4) In addition to the report referred to in sub-regulation (2) the management shall obtain —

(a) a written report from the medical practitioner charged with the general medical care of the inmates;

(b) an oral or written report on the progress and conduct of the inmate concerned for the period during which he stayed in the certified retreat; and

(c) if deemed necessary, any other report or reports from a psychiatrist, visiting chaplain or any other person.

(5) Before recommending to the Administrator that an inmate be released on licence the management shall satisfy itself that, in the light of the reports and other information placed before it, the release of the inmate will be in his interests and those of the community.

(6) A licence granted by a management shall be in a form approved by the Secretary and shall be made out in quadruplicate. The management shall keep one copy and shall transmit one copy to the inmate and two to the chief social welfare officer. The licence shall be transmitted to the chief social welfare officer at least seven days before the inmate is released.

(7) When the management requests a social welfare officer to submit a report in terms of sub-regulation (2), a progress report in respect of the inmate shall accompany such request.

30. The chief social welfare officer shall submit a report on the conduct, progress and well-being of the inmate to the management of the certified retreat from which the inmate has been released on licence one month after such release and thereafter at least once every six months during the period the inmate is under his supervision.

31. (1) The chief social welfare officer may at any time on good cause shown recommend to the management of a certified retreat that an inmate's licence be revoked.

(2) The management shall in terms of section *sixteen* and in a form approved by the Secretary by registered post give notice to the inmate of the revocation of a licence and the order to return or shall cause such notice to be served upon the inmate by a social welfare officer or

bedoelde kennisgewing word aan die hoofvolkswelsynbeampte gestuur.

(3) By die berekening van die tydperk van aanhouding van 'n inwoner kragtens artikel *twaalf* word die tydperk wat verloop tussen die datum waarop die vergunning van 'n inwoner ingetrek is en die datum waarop hy in die betrokke inrigting heropgeneem is, nie geag deel uit te maak van sy aanhoudingstydperk nie.

(4) Die bestuur van die betrokke inrigting verwittig die Sekretaris van die heropname van die inwoner in die inrigting.

32. Die bestuur hou van alle inwoners wat met vergunning vrygelaat is, 'n register waarin die besonderhede wat die bestuur goeddink, aangeteken word.

33. (1) Die koste om 'n inwoner van die gesertifiseerde toevlug na die plek waar hy moet woon oor te plaas terwyl hy met vergunning vrygelaat is, word uit staatsfondse betaal: Met dien verstande dat die Sekretaris bepaal water soort vervoer aan die inwoner beskikbaar gestel moet word.

(2) As dit volgens die oordeel van die landdros of hoofvolkswelsynbeampte ontbering sal veroorsaak as 'n inwoner wie se vergunning ingetrek is die koste moet betaal om na die inrigting waarheen hy teruggeroep is, terug te keer, kan die koste uit staatsfondse betaal word: Met dien verstande dat die Sekretaris bepaal watter soort vervoer aan die inwoner beskikbaar gestel moet word.

ONTSLAG VAN INWONERS VAN DIE BEPALINGS VAN DIE ORDONNANSIE.

34. (1) Die bestuur van 'n gesertifiseerde toevlug kan te eniger tyd voor die verstryking van die termyn van aanhouding van 'n ander inwoner as 'n vrywillige inwoner, of van die termyn waarvoor 'n inwoner met vergunning vrygelaat is, by die Adminisratuer aanbeveel dat die inwoner van die bepalings van die Ordonnansie ontslaan word en moet volle redes daarvoor gee.

(2) Die koste om 'n inwoner wat aldus ontslaan is na sy tuiste terug te stuur, word behoudens die voorbehoudsbepaling by sub-regulasie (1) van regulasie 33 uit staatsfondse betaal.

(3) Die bestuur hou van alle inwoners wat van die bepalings van die ordonnansie ontslaan word 'n register waarin die besonderhede wat die bestuur bepaal, aangeteken word.

HOOFTUK V.

WEGLOPERS UIT GESERTIFISEERDE TOEVLUGTE; TOEVLUGTE EN REHABILITASIECENTRUMS.

35. By die berekening van die tydperk van aanhouding van 'n inwoner kragtens artikel *twaalf* word die tydperk wat verloop tussen die datum waarop die inwoner uit 'n gesertifiseerde toevlug weggeeloop het of geag word weg te geloop het, en die datum van sy heropname in betrokke inrigting, nie geag deel uit te maak van sy aanhoudingstydperk nie.

36. By ontvangs van 'n verslag bedoel in paragraaf (c) van sub-artikel (6) van artikel *seventien* bestudeer die Sekretaris die inhoud daarvan en stuur dit dan tesame met sodanige opmerkings en 'n aanbeveling wat hy goed-dink maar wat nie strydig is met die bepalings van die ooreenkoms bedoel in sub-artikel (1) van artikel *drie-en-twintig* nie, aan die hoof van die staatsdepartement van die Republiek van Suid-Afrika wat belas is met die uitvoering van die Wet op Toevlugte en Rehabilitasiecentrums 1963 (Wet 86 van 1963) sover dit betrokke inwoner betref vir voorlegging aan die betrokke Minister.

HOOFTUK VI.

VRYWILLIGE INWONERS VAN GESERTIFISEERDE TOEVLUGTE.

37. 'n Magtiging kragtens sub-artikel (4) van artikel *agtien* vir die opname van 'n persoon in 'n gesertifiseerde toevlug wat die landdros aanwys word in die vorm van vorm 5 verleen.

38. (1) Die landdros wat kragtens artikel *agtien* 'n bedoelde magtiging verleen het, laat die volgende stukke

a police officer. One copy of such notice shall be sent to the chief social welfare officer.

(3) In calculating the period of detention of an inmate in terms of section *twelve* the period which elapsed between the date of revocation of his licence and the date on which he was readmitted to the institution shall not be deemed to be part of his period of detention.

(4) The management of the institution concerned shall notify the Secretary of the readmission of an inmate to the institution.

32. The management shall keep a record of every inmate released on licence, in which shall be entered such details as the management may determine.

33. (1) The expenditure incurred in transferring the inmate from the certified retreat to the place where he is to reside while released on licence shall be borne by the State: Provided that the Secretary shall determine what means of transport shall be made available to the inmate.

(2) If the magistrate or the chief social welfare officer considers that the payment of the cost by an inmate whose licence has been revoked of the return to the institution to which he is recalled will be the cause of hardship, the cost may be borne by the State: Provided that the Secretary shall determine what means of transport shall be made available to the inmate.

DISCHARGE OF INMATES FROM THE PROVISIONS OF THE ORDINANCE.

34. (1) The management of a certified retreat may at any time before the expiry of the period of detention of any inmate other than a voluntary inmate, or of the period for which he was released on licence, recommend to the Administrator that the inmate be discharged from the provisions of the ordinance, and shall state full reasons therefor.

(2) The expenditure incurred in returning the inmate so discharged to his home shall be borne by the State subject to the proviso to sub-regulation (1) of regulation 33.

(3) The management shall keep a record of every inmate discharged from the provisions of the ordinance, in which shall be entered such details as the management may determine.

CHAPTER V.

